

PJ Kriel

15.12.2019

Inhoud Hierdie preek wys dat Jesus Christus met dit wat Hy in sy doop en dood gedoen het, ons volkome reinig om deel te wees van die volmaakte liefde van God. Met sy doop en dood beëindig die Here daarom alle selfgereinigde liefde vir God. Die geestelikhede van hierdie wêreld doen presies die teenoorgestelde. Hulle maak hul lewe, gemeenskap en land skoon van Jesus Christus sodat hulle met hul selfreinigende liefde en rituele kan voortgaan. Die ewige lewe van die Here gee is 'n lewe waarin ek in alles wie ek is en wat ek doen, deel is van God se volmaakte liefde vir my en Hy my gebroke liefde vir Hom as volkome aanvaar. Met selfreinigende liefde moet mense altyd hulself, hul lewe en die mense waarmee hul lewe afsterf om skoon oor te kan begin.

Skriflesing: Joh. 1: 14, 29 – 34; Joh. 2:1-11, Joh. 20:30,31

Teks. Joh. 1: 14 en 33 : *“Die Woord het mens geword en onder ons kom woon ... dit is Hy wat met die Heilige Gees doop.”*

Tema: Christus laat ons in God se oorvloedige liefde deel en beëindig so alle selfgereinigde liefde en –rituele vir God.

1. Kerstyd is die feestelike herdenking van God se oorvloedige liefde vir ons in en deur Christus. Christus gee die oorvloedige liefde van God en beëindig alle selfgereinigde liefde vir God. Ons vier God se oorvloedige liefde in die Kersgety met die teken van oorvloed van kos, drank, lekkernye, geskenke en samesyn.

Die Here maak van die bruilofsfees van Kana se oorvloed van wyn en feestelike samesyn 'n teken van die oorvloed van die liefde wat Hy bring vir 'n feestelike samesyn met God. Christus wat God is wat onder ons kom woon het, reinig ons vir God se oorvloedige liefde. Deur sy reiniging skaf die Here alle selfreiniging af: geestelike oefeninge en seremonies waarmee mense hulle self vir God se liefde reg maak.

Christus se verlossing is volkome verlossing omdat dit ons insluit in God se volmaakte liefde vir ons. Dit is wat ons met die oorvloed met Kersfees vier.

2. Die aankondiging dat die Woord mens geword het, (Joh. 1:14) word deur die apostel nou verbind aan Jesus se doop en die bruilofsfees in Kana. Wat die Here in Kana doen is 'n openbaring van die betekenis van die Here se geboorte, sy doop en dood: God wat mens word en onder ons kom woon.

Wat gebeur by die bruilof in Kana?

Ons kan dit met 'n voorbeeld toelig. Baie van ons besluite om liefde openlik bekend te maak, neem ons met beplande feestelike geleenthede.

Byvoorbeeld, wanneer ons 'n geliefde vra om verloof te raak of te trou, doen ons dit baie keer juis in 'n restaurant. Die restaurant se ete, se versiering, se musiek en se beligting is die plek en tyd vir die oomblik om jou liefde openbaar te maak.

Christus laat ons in God se oorvloedige liefde deel en beëindig so alle selfgereinigde liefde vir God

Al twee hierdie sake is belangrik en loop hand aan hand: die restaurant se ete én die liefdesverklaring. Die restaurant word die simbool van die liefdesverklaring en só verhelder dit die openbaring van die liefde.

3. Dit is presies wat gebeur met die Here se eerste wonderwerk tydens die bruilofsfees in die dorpie Kana. Die plek, tyd en geleentheid is die bruilofsfees van 'n troupaartjie, maar die Here maak dit die oomblik van die bekendstelling van die betekenis van sy geboorte, sy doop en dood – die gee en ontvang van God se volmaakte liefde.

Daar ontstaan 'n werklike probleem met die bruilofsfees. Die drank raak klaar. Gewoonlik was bruilofsfeeste 'n week lank gehou gewees. Die feit dat die drank opraak is nie net 'n verleentheid in terme van die vermaaklikheid van die bruilofsfees nie.

Dit het regsimplikasies gehad.

So iets kon 'n teken wees dat die bruidegom nie in staat is om sy bruid te versorg en sy verpligtinge as broodwinner van die huis te kan nakom nie. Wynloosheid is teken van die gebrek wat hy oor die bruid gaan bring. Wynloosheid sou dan gesien word as bedrieglikheid van sy kant af – hy beloof liefde en sou sorg in oorvloed, maar sy liefde gaan net gebrek en ontbering bring.

Die Here se ma bring hierdie werklike probleem met die feesreëlins onder die Here se aandag.

4. Wat gebeur?

In kort: die Here maak en voorsien werklik wyn vir hierdie verleentheid sodat die bruilofsfees, en daarmee die troue, onbevange voort kan gaan as feesviering van beloofde liefde en samesyn.

Die bruilof is net die geleentheid, die plek en tyd wat die Here dan gebruik vir die oomblik om Homself as Christus en Here bekend te stel aan sy dissipels. Net soos die regte kos, drank en musiek die regte oomblik gemaak word vir die oomblik van 'n verklaring en bekendstelling van liefdestrou.

Die Here maak van die verandering van die reinigingswater in die klipkanne buite die onthaalplek in wyn, die teken van die Here se gawe van volmaakte liefde en die afskaffing van alle selfreinigingsoefeninge en reinigingsrituele.

Hierdie wonderwerk laat die Here 'n teken wees: dit openbaar Hom en die betekenis van sy menswording, wat ons nou met Kerstyd vier. Daarom kies die Here spesifiek die reinigingswater in die klipkanne buite die onthaalplek. Dit was nie maar sommer net water vir drink of vir gesondheidsredes, dit is, om jouself higiënies voor ete te maak nie.

Hierdie water in die klipkanne was seremoniële water, nie net gewone drinkwater nie. Dit was bedoel vir godsdienstige seremoniële wassing om te wys dat jy jouself van jou sonde gereinig om deel van God se liefde kan wees en Hom regtig reg te kan lief hê. Daarom was die water ook nie sommer net in erdekruike soos dit met

Christus laat ons in God se oorvloedige liefde deel en beëindig so alle selfgereinigde liefde vir God

drinkwater gebruiklik was nie. Dit was spesiale klipkanne om die reinheid van hierdie water te bevestig. Markus verduidelik hierdie Joodse geestelikheid in Markus 7 verse 1-4.

In die Joodse geestelikheid het die uiterlike rituele wassings gewys op die innerlike geestelike reinigingsoefeninge waarmee hulle as Jode besig was. Die innerlike saak was die geestelike reinigingsoefeninge wat hulle elke dag, die hele dag beoefen het – die belydenis van sonde, boetvaardigheid, die vergoeding vir sonde en die onderneming om weer rein te leef volgens God se wet.

Met die uiterlike water het hulle gewys hulle liefde vir God is selfgereinigde liefde! Selfgereinigde liefde waardeur hulle God se liefde ontvang en in bly.

5. Wat maak die Here met hulle reinigingswater?

Hy verander hulle reinigingswater in wyn. Wyn in oorvloed. Soveel wyn dat dit nie opgebruik kan word nie. Die beste wyn. Só neem Hy alle rituele reinigingswater weg. Na die Here die water in wyn verander het nie, kan daar nie meer iets soos rituele reinigingswater wees nie. Dit is nou wyn. Hulle kon nie hulleself met wyn was en seremonieel met wyn reinig nie.

Die wegneem van alle uiterlike reinigingswater beteken die Here maak 'n einde aan alle innerlike selfreinigingsoefeninge om God se liefde te kan ontvang en daarin te kan bly.

In die plek van die water, gee die Here die oorvloed van die wyn vir die bruilofmaal: die vreugde van liefdevolle samesyn. Daarmee wys die Here dat Hy alle selfgereinigde liefde afskaf met die volmaakte liefde van God wat Hy as gawe aan sondaars gee.

Wat mense met die reinigingswater doen, selfreinigingsoefeninge, skaf die Here deur sy lyding en opstanding af.

Die Here se lyding en opstanding neem alle oordeel oor sonde weg. In die Johannes evangelie gaan dit nie eerstens oor sondeskuld nie, maar oor die oordeel van God dat ons liefde vir Hom en ons naaste nie werklike liefde is nie. (1 Joh. 5: 10) Dit gaan oor liefde wat veroordeel word as te min, te laat, te gebrekkig, te oneg, te onwerklik en te onvoldoende.

Dit is die werklike verskrikking in die oordeel van God oor sondaars: die oordeel dat liefde nie werklike liefde is nie en dat jy daarom nie deel van God se werklike liefde kan wees nie.

Christus kom dra die oordeel van liefdeloosheid sodat sondaars nie meer met selfreinigingsoefeninge moet probeer om hul vir God se liefde goed te maak nie. Die Here gee so die gawe wat mense met selfreinigingsoefeninge nie kon kry nie, God se volkome liefde – oorvloedig en onbeperk, soos wyn in die kanne van bruilofsfees in Kana.

Christus laat ons in God se oorvloedige liefde deel en beëindig so alle selfgereinigde liefde vir God

6. Die kontras in die wonderteken van die Here dat daar geen reinigingswater meer is nie, maar in die plek daarvan die wyn vir vreugde en samesyn, moet u direk verbind aan die aankondiging van Johannes dat hy Jesus gedoop het om Hom bekend te stel as die Een wat mense met die Gees gaan doop.

Die Here wat mens geword het, en die gedoopte Een geword het, is die Here wat met die Gees doop. Die Here wat as mens gedoop is doop mense met die Gees van God. Die gedoopte Here in hoofstuk 1 is die Here wat in Johannes 20: 22 oor sy dissipels blaas en verklaar: "Ontvang die Heilige Gees."

Wat beteken dit om van die gedoopte Jesus die Heilige Gees te ontvang?

Johannes som dit in sy brief kort en bondig só op: "Die Een wat deur die water van sy doop en die bloed van sy dood na ons toe gekom het, is Jesus Christus. nie net deur die water nie, maar deur die water en die bloed. Die Gees is getuie daarvan, en die Gees is die waarheid. Daar is dus drie wat getuig: die Gees en die water en die bloed, en die drie se getuienis stem ooreen. "1 Joh. 5: 6- 8)

Die Heilige Gees is die Gees van die doop en dood van die Here, van water en bloed. Dit is die Gees wat insluit en laat deel is alles wat Jesus vir ons gedoen het deur vir ons die gedoopte, veroordeelde, gekruisigde mens te word wat in ons plek vir ons sondes sterf. Johannes stel dit só: "Hieraan weet ons dat ons in Hom bly en Hy in ons: Hy het ons sy Gees gegee."(1 Joh. 4: 13)

Waaraan laat hierdie Gees ons deel deur ons in te sluit in Christus se doop en dood? "En ons ken die liefde wat God vir ons het, en ons glo daarin. God is liefde; wie in sy liefde bly, bly in God en God bly in hom. ... waar liefde is, is daar geen vrees nie, want vrees verwag straf, en wie nog vrees, het nie volmaakte liefde nie. Ons het lief omdat God ons eerste liefgehad het."(1 Joh. 4: 15 – 19)

Dit is die vreugde van oorvloedige wyn en samesyn op die bruilof: om volmaakte liefde te ontvang. Hierdie volmaakte liefde waarin God altyd ons Vader is en ons altyd sy geliefde kinders bly. Dit is wat Christus vir ons skenk deur sy doop en dood: om altyd deel van die volmaakte liefde van God vir ons te wees, so volmaak dat dit ons onvolmaakte liefde vir God ook volmaak maak. (1 Joh. 4: 10)

Daar is en kan geen ander gees van God of goddelike gees wees as hierdie Gees nie, want die Gees en die water en die bloed stem ooreen. Die is en bly presies dieselfde waarheid: God het ons volmaak lief en laat ons in sy volmaakte liefde leef as gawe.

7. Die gawe van sy Gees is ons soos die oorvloedige wyn en samesyn van die bruilof in Kana.

Daarom is hierdie wonderwerk 'n teken. Die goddelike mag waarmee die Here water in wyn verander, is nie sommer net 'n demonstrasie van goddelike mag nie. Dit is die bevestiging van die Here se mag om deur sy lyding en opstanding, te doen wat die wet van Moses nie kon doen nie, om ons in te sluit en te laat deel in die volmaakte liefde van God vir ons.

Christus laat ons in God se oorvloedige liefde deel en beëindig so alle selfgereinigde liefde vir God

Liefde waarin daar niks ontbreek nie; Liefde wat nooit opgeskort word nie;
Liefde wat nooit terug gehou word nie; Liefde wat nooit ophou nie; Liefde wat nooit verander nie; Liefde wat volmaak is.

Christus gee dit as Here wat in ons plek gedoop en gedood – dit is die gawe van die Gees deur die Een wat gedoop is in ons plek.

8. Dit is die geweldige groot godsdienstige spanning en botsing wat tussen Jesus en die Jode afspeel in die Johannes evangelie. Hierdie botsing gaan oor Jesus wat 'n einde maak aan hulle selfgereinigde liefde vir God en hulle wat van God se volmaakte liefde deur Christus 'n einde wil maak.

Hierdie kontras en spanning loop dwarsdeur die hele Johannes evangelie: ter wille van hulle selfreinigingsgeestelikheid, maak die Jode aan Jesus 'n einde!

Daarom verklaar hulle dit as hulle motief om Jesus te laat kruisig en dood te maak - Joh.19: *“Toe die priesterhoofde en die wagte Hom sien, skreeu hulle: “Kruisig hom! Kruisig hom!” “Wat julle hom en kruisig hom,” sê Pilatus daarop vir hulle, “want ek vind geen skuld in hom nie.”⁷Die Jode sê toe vir hom: “Ons het 'n wet, en volgens dié wet moet hy dood, omdat hy hom as die Seun van God voorgedoen het.”*

Die Jode soek nie wyn in hulle waterkanne nie. “Hulle wet” is die geestelike wette van selfreiniging, die waterkanne van die bruilof van Kana. En hulle aanvoeling is reg. Volgens hierdie geestelikheid moet Jesus dood. Want tussen die water en wyn, is dit óf water óf wyn.

Daarom verander hulle die waarheid dat Jesus die Seun van God is, na die leuen dat Hy Hom as die Seun van God voorgehou het. Dit is wat alle geestelikhede met die Here doen: Hy doen Hom voor as Seun van God, maar Hy is dit nie.

Dit is ook die geweldige kontras wanneer hulle Jesus wederregtelik laat teregstel. Eintlik is dit niks anders as geregtelike moord nie: *“²⁸Toe het hulle vir Jesus van Kajafas af na die ampswoning van die goewerneur toe gebring. Dit was die môre vroeg. Hulle het self nie in die ampswoning ingegaan nie, sodat hulle nie onrein sou word nie maar die Paasmaaltyd sou kon eet.”* (Joh. 18:28)

Hulle hou hulleself rein op so wyse dat hulle seremonieel rein is in die moord en geweld waarmee hulle teen God self besig is. Dit is die tipiese geestelikheid om jou hart en hande in die onskuld van selfreinigingsoefeninge en seremoniële water te was, terwyl jy met moord en geweld besig is.

Die finale Joodse reiniging is om hulle land en gemeenskap te reinig van die onreinheid van Jesus se lyk: *“³¹Dit was Vrydag, en die Jode wou nie hê dat die liggame op die Sabbatdag aan die kruis moes bly nie, want daardie Sabbatdag was 'n groot dag. Daarom het hulle vir Pilatus gevra dat die mense wat gekruisig is, se bene gebreek en die liggame weggevat moes word.”* (Joh. 19:31)

Hiermee het hulle finaal hulle hande gewas in die reinigingswater in die waterkanne, volgens die wet van Moses: *“²²Wanneer iemand tereggestel word vir 'n oortreding wat die doodstraf verdien, en jy hang hom aan 'n paal op, ²³mag sy lyk nie die nag daaraan bly hang*

Christus laat ons in God se oorvloedige liefde deel en beëindig so alle selfgereinigde liefde vir God

nie. Jy moet hom dieselfde dag nog begrawe, want wie opgehang word, is deur God vervloek. Jy mag nie die land wat deur die Here jou , hulle gemeenskap en land van God aan jou as besitting gegee is, verontreinig nie.” (Deut.21:23) Hulle reinig hulle self van Christus sodat hulle kan aangaan met hulle selfreiniging.

Dit is die kontras tussen die water in die klipkanne, en die wyn in die klipkanne: hulle reinig hulle van Jesus Christus om hulleself vir God te reinig, terwyl die liggaam wat hulle vir sy onreinheid vrees, die liggaam is wat sondaars van hulle sonde reinig.

Hulle kies vir die selfreiniging van hul liefde vir God teenoor God se gawe van die Gees: volmaakte liefde van God deur die doop en dood van die Seun van God.

9. Christus gee ons die gawe van die ewige lewe met God deur sy reinigingsoffer. Dit maak ons hele lewe, elke deel van wie ons en en wat ons doen, deel van ons lewe in God se liefde: *“³¹Maar hierdie wondertekens is beskrywe sodat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God, en sodat julle deur te glo, in sy Naam die lewe kan hê.” (Joh. 20:31)*

Die ewige lewe is 'n lewe van wyn, die beste en onbeperk in oorvloed. Dit is die lewe in die eenheid met die liefde van God, wat Johannes beskryf as ons in God die Vader en die Seun se liefde. Op so wyse dat daar niks anders as liefde kan wees nie. Christus het ons vir hierdie liefde, en lewe in hierdie liefde van God, van alle sonde en sondesmet vir altyd gereinig.

In hierdie ewige lewe sterf die mens niks van homself af om rein te word nie: nie sy verlede nie en ook nie sy persoon, nie sy wil, krag of naam as mens nie. In hierdie ewige lewe in die volmaakte liefde van God, vind die mens weer die eenheid van die lewe en die persoon wat God as Skepper ons laat wees in sy liefde.

Ons leef in die bruilofsfees van 'n skuldlose, smetlose samesyn met God in liefde, sodat ons onself in hierdie nuwe lewenskuns kan oefen: hoe om in die liefde van God te leef.

10. Die werklike doel van alle selfreinigingsoefeninge waarvan reinigingsrituele simbole is, is om weer oor te begin om reg te wees vir God se liefde.

Om oor te begin moet jy dan jouself reinig van alles wie jy was en wat jy voorheen gedoen het. Die wyse waarop jy dit doen, is om dit op te offer en af te sterf in jouself. Dit is die drif van alle selfreiniging – om jou eie lewe se verlede, of die dele van jou persoon wat jy as die oorsaak van jou sondesmet sien, af te sterf en 'n nuwe lewe in die toekoms te vind, of 'n ander persoon te vind as die persoon wat God jou gemaak het.

Dit is die drif van alle afgodsdienste: om jou eie verlede of jou eie-ek, vir 'n nuwe lewe en 'n nuwe eie-ek af te sterf.

Daarom is die lewe in afgodsdienste altyd 'n lewe van oor begin, oor en oor en weer oor begin. Dit is die plek van alle geestelike rituele. Dit is simbole waarmee mense hulle selfreiniging vir hulle self mee seker maak. Hulle bevestig met uiterlike rituele hulle eie innerlike selfreinigings.

Christus laat ons in God se oorvloedige liefde deel en beëindig so alle selfgereinigde liefde vir God

En omdat jy dan elke dag omtrent elke keer weer met jouself en jou lewe moet oor begin, kan hierdie oefeninge en rituele net nooit ophou nie. Na elke sonde en met elke sondesmet, moet geestelikes weer en weer oor begin om hulself te reinig van hul eie vuilheid as sondaars.

Daar moet vir elke geleentheid in die lewe die waterkanne van Kana wees, uiterlike rituele waarmee hulle wys hulle is met selfreiniging besig.

11. Jesus Christus het ons kom bevry van enige vorm van selfreinigingsoefening en alle reinigingsrituele. Ons leef met die gawe van God se Gees: Hy laat ons deel in die volmaakte oorvloedige liefde van God vir ons, al het ons God nooit werklik of eerste lief nie. (1 Joh. 4: 10 en 19)

Daarom sal ons onself moet verantwoord oor die wyse waarop ons leef: leef ons met die wyn van die bruilofsfees, of leef ons met die water van selfreinigingsoefeninge?

Hierdie selfreinigingsgeestelikheid wys op sy duidelikste in die drif in die NG Kerk om al hoe meer en meer uiterlike rituele in die erediens in te bring. Vir elke geestelike oefening word daar nou elke keer nog uiterlike rituele opgemaak en nagekom – waterrituele, kersrituele, klere-rituele, kruisrituele, palmtakrituele, as-rituele, oliesalwing-rituele, loop-en bid rituele. Elke geestelike dink elke week nog rituele vir lidmate uit en maak dit deel van die eredienste.

Hulle maak ook van die sakramente wat tekens is van wat God doen, nou rituele van mense se geestelike oefeninge.

Die doop wat die Here ingestel het, is nie 'n reinigingsritueel nie. Dit is die verseëling van die inlywing in Jesus Christus se menswees. Dit is die verseëling dat ons in Christus is, en Christus in die Vader is, en ons Een met die Vader en Seun in hulle liefde is.

Daarom is die doop, en kan die doop nooit die uiterlike simbool van innerlike selfreinigingsoefeninge wees nie. Die doop is die teken waarmee die Here ons oproep tot, en verseker in die geloof dat Hy die gedoopte Christus en Here is wie ons reinig deur sy dood en ons die gawe van God se volmaakte liefde gee – die Heilige Gees. .

Die doop is volgens die wonder in Kana nie nuwe reinigingswater nie. Dit is 'n verseëling van die wyn in die klipkanne, nie die reinigingswater in die klipkanne nie.

Maar binne die NG Kerk het die doop seremoniële wassing geword: in kerke staan daar nou 'n badjie vol water by die deure waardeur jy seremonieel moet loop voor jy in die erediens ingaan. Moet jy seremonieel jou hand in die doopvont steek wanneer jou openbare belydenis van geloof aflê. Dit is niks anders as klipkanne met reinigingswater nie.

Hoekom?

Christus laat ons in God se oorvloedige liefde deel en beëindig so alle selfgereinigde liefde vir God

Kamstig om jou te herinner aan die betekenis van jou eerste doop! Watse eerste doop? Die teken wat jou inlywing in die menswees van die Here in die hemel verseël, die vreugde om in Christus altyd rein te wees omdat jy sy reinheid deel? Dit is nie meer daar nie.

In hierdie geestelikheid is die kerk van hierdie Jesus gereinig. Hy is nie meer daar in hierdie rituele wassing nie. Want die eerste rituele wassing is nou die teken van mense se bekering: hulle selfreiniging vir God. Daarom is al die ander rituele wassing eintlik net weer tekens van nog selfreinigingsoefeninge waarmee hulle nou die hele tyd besig is.

Jesus se doop was nie 'n selfreinigingsoefening nie. Hy was rein. Die Here se doop was die wyse waarop Hy water in wyn verander het – Hy gee aan ons die Gees in oorvloed deur sy dood. Ons doop is teken dat ons deur sy lyding en sterwe die gawe van God se volmaakte liefde ontvang het as gawe. Hy maak ons van alle sonde, vir altyd, rein vir sy liefde. Dit is nie teken van selfreinigingsoefeninge soos bekering, oorgawe, berou, verootmoediging, gehoorsaamheid en liefde nie.

Ons doop is die verseëling dat die Here die water van selfreiniging in wyn verander het.

12. Die gawe van die Here se volmaakte liefde, die gawe van sy Gees laat ons die ewige lewe met God leef, nie elke dag weer ander en nuwe persoonlikhede word, wat met 'n ander lewe weer oor begin nie.

Terwyl ons sukkel met ons liefde vir God, bly ons in sy volmaakte liefde. So is elke deel van wie ons as mens en persoon is, van ons geboorte tot ons dood, deel van ons ewige lewe met God in sy volmaakte liefde. Ons liefde wat te min, te laat, te onwerklik, te onvoldoende is, maak geen deel van ons lewe met God – iets wat ons moet afsterf en mee oor moet begin nie.

Dit is die verwronge lewe waarmee elkeen en almal besig is wat met selfreinigingsoefeninge hul liefde vir God wil reg en goed maak.

- Dit is die geestelikheid waartoe geestelikes boere oproep om hul plase op te gee vir die gierige gepeupel en met 'n ander nuwe lewe oor te begin – is 'n oefening in selfreinigingsoefening om weer jou liefde vir God reg en goed te maak.
- Die nuwe kerklike oproep om vrywillige gemeenskapsdiens in “townships” te gaan doen – is selfreinigingsoefeninge vir die oor begin van 'n nuwe nasie.
- Dit is die hart van die disfunksionaliteit waarin families mekaar as mense wil verander omdat hulle hul self wil reinig van wie en wat hulle as ouers en kinders vir mekaar was. En so moet hulle elke jaar omtrent dan met mekaar weer van voor af begin met 'n nuwe liefde in hul selfreinigingsoefeninge van bekering, jammerte en beloofde nuwe liefdes.

Hierdie selfreinigingsgeestelikheid werk diep ontwrigtend in op die verhouding tussen ouer en kind. Hoe begin jy oor met jou kind? Hoe kry jy vir jou 'n nuwe

en ander kind? Daarom word kinders teenoor ouers, en mans teenoor vrouens se houding van gediensdigheid, onderworpenheid en gedweënheid die nuwe selfreinigingsoefeninge wat geestelikes van gesinne verwag.

Juis dit wat almal in verset teenoor mekaar bring!

In die ewige lewe kan kinders met ouers en mans met vrouens leef, nie oor begin en weer nuut wees in die sin van 'n nuwe en ander persoon wees nie. Hier leef ons in liefde saam met wie ons is, en soos die Here ons mens laat wees in die geloof dat die sondes wat ons doen, ons nie kan onrein maak vir mekaar nie.

- Dit gebeur baie keer dat, na geliefdes lank saamgebly het, hulle skielik besluit om te trou. Gewoonlik is dit omdat hulle trou sien as die reinigingsoefening vir die spanning en konflik van die lewe waarin hulle saamleef. Dan moet hierdie troue, met al die seremonies van die troue, die reinigingsoefening wees waarmee hulle die verlede van hulle saambly afsterf, en hulle self reinig vir 'n nuwe lewe in die huwelik. In hierdie selfreinigingsoefening en -ritueel, om wetlike en seremonieel te trou, ontken hulle die werklikheid dat God hulle reeds in hulle saambly as man en vrou verenig het, en hulle God nie hiervoor geglo het nie. Net so min glo hulle in God se reiniging in hierdie selfreinigingsoefening van trou.

Aan hierdie selfreinigingsoefeninge is daar geen einde nie: jy moet net al minder jouself wees en jouself aflê totdat van jou eie menslike persoon, jou eie wil, krag en lewe niks meer oor is nie. Wanneer jy jouself so totaal niks gemaak het nie, dan verklaar geestelikes het jy die lewe in God se Gees gevind – ons menslik niks meer van jouself vir God te wees nie.

13. Geloof in Christus is in hierdie selfreinigingsoefening niksseggend – want dit is of die water van selfreiniging of water wat Hy in wyn verander! Wie met selfreinigingsoefeninge besig is, maak sy lewe skoon van Christus en sy doop en dood. Maak hulle lewe, gemeenskap en land skoon van die Christus wat ons regte reinig vir die volmaakte liefde van God.

Waarmee is ons besig? Met die water in die klipkanne, of die wyn van die bruilofsfees, die beste wyn en wyn onbeperk in oorvloed? Met Christus of Christuslose selfreiniging? Wie glo in die wonderteken van Kana, glo in Jesus Christus, die Here. Hy met sy doop en dood alleen reinig ons van alle sonde om die Gees te ontvang wat ons in God se volmaakte liefde insluit.

So is elke deel van ons lewe, deel van 'n lewe in God se volmaakte liefde. Alles wat ons doen, ons sondes te bely, om te rou oor sonde, om weg te breek met sonde, om gehoorsaam te wees en om God lief te hê, is net hoe ons elke dag binne God se volmaakte liefde, die gawe van die Gees deur die Een wat gedoop en gedood is, te leef. Niks wat ons doen, is ooit selfreinigingsoefeninge nie. Daarom neem ons ook nooit meer deel aan enige rituele en seremoniële godsdiens nie. Dit maak ons Christusloos!

Christus laat ons in God se oorstroomende liefde deel en beëindig so alle selfgereinigde liefde vir God

Kerstyd is die viering van wyn in oorstrooming: genade en volmaakte liefde in die plek van selfreiniging wat afgeskaf is deur die lyding en opstanding van die Here, wat werklik mens geword het en vandag steeds mens is.

Kom ons glo in Jesus Christus en leef in die vreugde van die liefdevolle samesyn met God die Vader. Kom laat elke bekering, berou, oorgawe, daad van gehoorsaamheid en toewyding, 'n oefening wees in die liefde wat onbeperk is, sonder enige vorm van selfreiniging. Kersfees is deel van die bruilofsmaaltyd van die Lam. Dit is geen fees van selfreiniging nie.